MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

15 March 2010

Sokker word as gyselaar teen regering ingespan – CDP
"Terwyl verwag sal word dat veral die regering se alliansievennote nou die beste voetjie sal voorsit om van die komende Fifa-toernooi 'n reuse sukses te maak, kom die ergste dreigemente van ontwrigting nou juis uit hierdie geledere."

"Die jongste voorbeeld is Cosatu se se"kretaris-generaal, Zwilinsima Vavi se dreigemente dat Cosatu die toernooi gaan ontwrig indien die regering nie toesien dat Eskom se reuse verhoging tot niet gemaak word nie," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en wnde voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA)..

"Ook uit die geledere van ontevredenes van munisipale dienslewering is soortgelyke dreigemente ontvang. Dié dreigemente kom nie uit die geledere van die Nasionale Belastingbetalersunie nie, maar die ANC se tradisionele steunbasis."

"In effek kom die taxibase se protesoptredes ook hierop neer, omdat hulle die skrapping van die snelbusvervoerdiens in die oog het, wat oënskynlik in 'n ooreenkoms met Fifa ingestel is."

"Die CDP kan geen wetteloosheid, veral wetteloosheid wat geweld in die hand kan werk en die land se ekonomie kan vernietig, goedkeur nie. Ons doen 'n beroep op kiesers om eerder hul ontevredenheid met die ANC by die stembus te demonstreer."

Soccer taken hostage against government – CDP
"One would have expected that the government's alliance partners would have done their utmost best to portray the best possible picture to ensure the coming Fifa tournament to be a major success. But now the most direct threats of disrupting the tournament come from precisely these quarters."

"The latest example is that of Cosatu's Secretary General Zwelinzima Vavi that his organisation will disrupt the tournament if Eskom's approved hikes are not undone by government," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA).

"Similar threats came from the quarters of those dissatisfied with municipal service delivery. These threats are not made by the National Ratepayers Union, but are made by traditional ANC supporters.
"The protest action by taxi associations is similar as they protest against the introduction of the rapid bus service, which apparently is the result of an agreement with Fifa."

"The CDA can not condone lawlessness, especially when it can lead to violence and has the potential of destroying the country's economy. We call on voters to rather show their disapproval when casting their votes."